higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## LANDBOUBESIGHEID
### NKR VLAK 2

(1011032)

**2 Desember 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 2 addenda.**

174Q1N2002

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Risiko is die waarskynlikheid dat sy/haar besigheid 'n wins vir 'n boer sal oplewer.

1.1.2 'n Joernaal bestaan uit chronologiese, daaglikse aantekeninge van transaksies.

1.1.3 Die inkomste en uitgawes van die kleinkasfonds word in 'n kleinkasboek aangeteken.

1.1.4 Die netto inkomste is die kontantposisie van 'n onderneming op die eerste dag van die maand.

1.1.5 Kapitaal sluit in alle masjinerie, geboue en gereedskap wat in die produksieproses gebruik word.

1.1.6 'n Verbruiker is iemand wat goedere en dienste koop en gebruik.

1.1.7 Mediumtermynkapitaal word vir 'n tydperk van een maand tot 'n jaar vir produksie gebruik.

1.1.8 Infrastruktuur het betrekking op die dienste en geriewe wat die dag-tot-dag- ekonomiese dienste ondersteun.

1.1.9 Horison het betrekking op 'n groep elemente wat op mekaar reageer, met mekaar verband hou, van mekaar afhanklik is, en 'n komplekse geheel vorm.

1.1.10 Bates omvat alles wat 'n besigheid besit.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings, en skryf dit langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| hulpbronne; laaibord; ewewig; koste; belasting; begroting; gebruiksduur; voorraad; depresiasie; uitgawes |
|---|

1.2.1 Masjiene, werkers, geld, grond, grondstowwe en ander dinge waarmee op 'n plaas goedere vervaardig of dienste gelewer word om 'n profyt te maak

1.2.2 Tyd wat 'n voorwerp bruikbaar is

1.2.3 Houtplatform vir die sortering en verskeping (vervoer) van produkte

1.2.4 Plan vir toekomstige optrede wat in fisieke en finansiële kwantiteite uitgedruk word

1.2.5 Die prys wat verbruikers sal betaal is gelyk aan die bedrag waarteen produsente bereid is om te verkoop

1.2.6 Iets van waarde, gewoonlik 'n bedrag geld, wat in ruil vir iets anders, gewoonlik goedere en dienste, gegee word

1.2.7 Geld wat aan die regering betaal word en waarmee die regering dienste aan landsburgers lewer

1.2.8 Alle geld wat uit 'n onderneming vloei

1.2.9 'n Verlies aan of 'n vermindering in die waarde van bates soos voertuie, masjinerie, gereedskap en toerusting

1.2.10 Staat waarin alle fisieke bates en die geldwaarde van 'n onderneming op 'n bepaalde tydstip aangetoon word

(10 × 1) (10)

1.3. Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Klein hoeveelheid kontant waarmee 'n onderneming alle geringe uitgawes dek | A | wins |
| 1.3.2 | Standaarde, riglyne of regulasies wat 'n owerheid voorskryf | B | infrastruktuur |
| 1.3.3 | Alle geld wat uit 'n onderneming vloei | C | agent |
| 1.3.4 | Die bedrag wat 'n eienaar in sy onderneming belê het | D | veiling |
| 1.3.5 | Dit sluit in alle masjinerie, geboue en gereedskap wat in die produksieproses gebruik word | E | uitgawes |
| 1.3.6 | Ekstra inkomste teenoor uitgawes in 'n bepaalde tydperk | F | kapitaal |
| 1.3.7 | Sakepersoon wat in ruil vir kommissie iets namens iemand anders koop of verkoop | G | mark |
| 1.3.8 | Dienste en geriewe wat die dag-tot-dag ekonomiese aktiwiteit ondersteun | H | eienaarsekwiteit |
| 1.3.9 | Plek waar kopers en verkopers byeenkom om goedere en dienste uit te ruil | I | reëls |
| 1.3.10 | Mark waar lewende hawe aan die hoogste bieder verkoop word | J | kleinkas |
| | | K | landbank |
| | | L | inkomste |

(10 × 1) (10)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## VRAAG 2

2.1 Bestudeer die laste van mnr Mathipa se plaas vir September 2019, en voltooi ADDENDUM A (aangeheg) met hierdie inligting.

| DETAILS | WAARDE (R) |
|---|---|
| Langtermynlenings | 110 000 |
| Inkomstebelasting | 6 500 |
| Verbandterugbetalings | 36 500 |
| Krediteure | 9 500 |
| Rekeningbetaling | 21 000 |
| Verbande | 200 000 |
| Afbetalingskrediet | 70 000 |
| Huurkontrakte | 8 000 |
| Bankoortrekking | 19 500 |
| Agterstallige rekenings | 10 000 |

(10)

2.2 Voltooi ADDENDUM B (aangeheg) met die volgende inligting uit die November 2010-saadvoorraadrekord van Makgopa Farm Holdings. Van die inligting is klaar ingevul.

**DATUM** **BESKRYWING**

01/11 NTK lewer 10 sake saad af wat Maleme, die skuurklerk, in ontvangs geneem het en in die skuur bewaar.

03/11 Maile het vyf sake saad kom afhaal om te plant.

10/11 Matome het vyf sake saad kom afhaal om te plant.

12/11 NTK het 20 sakke saad afgelewer wat Maleme ontvang het.

13/11 Maile het vyf sake saad kom afhaal om te plant.

15/11 Kgashane het vyf sake saad kom afhaal om te plant.

17/11 Matome het vyf sake saad kom afhaal om te plant.

19/11 NTK het 20 sakke saad afgelewer wat Maleme ontvang het.

19/11 Kgashane het vyf sake saad kom afhaal om te plant.

22/11 Matome het vyf sake saad kom afhaal om te plant.

25/11 Matome het vyf sake saad kom afhaal om te plant.

27/11 NTK het 20 sakke saad afgelewer wat Maleme ontvang het. (20)

**[30]**

## VRAAG 3

3.1 3.1.1 Noem DRIE riglyne vir die beveiliging van 'n kleinkasfonds. (3 × 2) (6)

3.1.2 Noem die DRIE hoofkolomme van 'n kleinkasboek. (3)

3.1.3 Definieer die term *netto inkomste*. (2)

3.2 Verduidelik elk van die volgende tekens:

3.2.1 Gevaartekens

3.2.2 Stop- en verbodtekens

3.2.3 Omsigtigheidsteken

3.2.4 Verpligte tekens

(4 × 2) (8)

3.3 Noem TWEE basiese rekeningkundige metodes wat tot klein agribesighede se beskikking is. (2)

3.4 Verduidelik elk van die volgende soorte boerderystelsels:

3.4.1 Weidingstelsel

3.4.2 Gemengde stelsel

(2 × 2) (4)

3.5 Noem VYF ekonomiese faktore wat die keuse van geskikte landbou-ondernemings beïnvloed. (5)

**[30]**

## VRAAG 4

4.1 Definieer die term *aanvraag*. (2)

4.2 Noem die wet van aanbod. (3)

4.3 Noem VYF faktore wat die aanbod van landbouprodukte bepaal. (5)

4.4 Definieer elk van die volgende metodes om die produkte van 'n groenteplaas t verkoop:

4.4.1 Kontrakbemarking

4.4.2 Plaashekbemarking

4.4.3 Kommunale bemarking

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

4.5 Noem DRIE voordele van varsproduktebemarking. (3 × 2) (6)

4.6 Noem VIER nadele van dorpsbemarking. (4 × 2) (8)
**[30]**

**VRAAG 5**

5.1 Definieer die term *mikotoksiene*. (2)

5.2 Noem VIER goeie saaiboerderypraktyke wat mikotoksiene verminder. (4)

5.3 Noem DRIE oorsake van mikotoksiene. (3)

5.4 Noem VYF natuurlike hulpbronne wat die ligging van 'n agribesigheid bepaal. (5)

5.5 Noem VYF soorte infrastruktuur wat noodsaaklik is vir die doeltreffende produksie van kool en aartappels op 'n plaas. (5)

5.6 Definieer die term *ongeskoolde arbeid*. (2)

5.7 Noem VYF veeartsenydienste waarmee boere hulle vee gesond hou. (5)

5.8 Onderskei tussen *kwantiteit* en *kwaliteit*. (2 + 2) (4)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 120**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

**ADDENDUM A** **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 2.1**

**LASTE VAN MNR MATHIPA SE PLAAS VIR SEPTEMBER 2019**

| BEDRYFSLASTE | WAARDE (R) | MEDIUMTERMYN- | WAARDE (R) | VASTE LASTE | WAARDE (R) |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| **Totale bedryfslaste** | | **Totale mediumtermynlaste** | | **Totale vaste laste** | |
| | **Totale laste** | | | | |

**ADDENDUM B** **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 2.2**

| **VOORRAAD ONTVANG** | | | **VOORRAAD UITGEREIK** | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Aantal (kg)** | **Beskrywing** | **Datum** | **Uitgereik aan** | **Aantal (kg)** | **Saldo** |
| 1/11 | 10 | Sakke saad | 3/11 | Maile | a) | b) |
| | | | 10/11 | Matome | c) | d) |
| 12/11 | 20 | Sakke saad | 13/11 | Maile | e) | f) |
| | | | 15/11 | Kgashane | g) | h) |
| | | | 17/11 | Matome | i) | j) |
| 19/11 | 20 | Sakke saad | 19/11 | Kgashane | k) | l) |
| | | | 22/11 | Matome | m) | n) |
| | | | 25/11 | Matome | o) | p) |
| 27/11 | 20 | Sakke saad | | | | |
| **Totaal** | q) | | **Totaal** | | r) | s) |
| Sakke in die skuur | | | | | | t) |

Kopiereg voorbehou